

Ons is kosbaar vir die Here - Hy ag ons hoog en het ons lief

Wanneer 'n Israeliet sy nood en ellende voor God bekla het, is hy of sy deur 'n priester getroos met 'n heilstoesegging wat 'n redelike vaste vorm gehad het. Jesaja 43 is so 'n heilstoesegging wat Jesaja gebruik het om die ballinge in Babilon te troos.

Skriflesing: Jesaja 43:1-7

Dit gaan nie goed gegaan met die volk van God nie. Hy is nie tevrede met hulle vormgodsdienst en onreg aan die hulpeloses nie. Die volk bly blind vir hul sonde en doof vir die Woord van God. Hulle bly hardnekkig ongehoorsaam. Daarom straf Hy hulle.

Hulle is 'n platgeslane volk. Hulle sit in die donker hooploosheid van ballingskap. Hulle is hulpeloos en moedeloos. Hulle wonder hoe lank hulle nog moet ly onder mense wat hulle bespot, verneder, beroof, verkrag, besteel, vermoor, belieg en bedrieg.

Dit het vir hulle gevoel of God hulle vergeet het of dat Hy ten minste baie ver van hulle af was. Ons lees in Jesaja 40:27 hoe hulle God verwyf: "Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby."

Klink dit nie vir jou bekend nie? Hoe dikwels bevind jy jou nie ook so aan die donker kant van die lewe nie? Jy onthou dalk 'n paar teksverse, maar dit het eintlik nie vir jou betekenis nie. Dit voel of God ver is. Jy bid, maar jy dink nie dat God 'n woord hoor nie. Miskien is dit as gevolg van die dood van 'n geliefde of 'n egskeiding of siekte? Dalk 'n likwidasie, jou kind wat jou teleurstel, jou werk wat jy verloor of ideale wat jy nie bereik nie.

Dalk is jy of 'n familielid 'n slagoffer van misdaad. Of dalk voel jy sommer net oor 'n onseker toekoms oorweldig. Dalk is jy teleurgesteld in die kerk of in die nuwe Suid-Afrika. Dalk voel dit of jy 'n vreemdeling in jou eie land geword het. Jy het jou entoesiasme verloor. Jy kan nie meer 'n nuwe lied tot eer van God sing nie, want jy sit in die donker van jou eie ballingskap.

Teenoor die donker omstandighede vol seer, sonde en nood, hou Jesaja God se blink toekoms vir die volk voor. Ons leer nie in Jesaja 43 God ken as 'n straffende God nie. Hy is die een wat redding wil bewerk. Hy is nie 'n wispelturige God nie, maar die God wat ons ontsettend baie liefhet.

Hy is die troue God wat dikwels, ten spyte van ons onttrou, ingryp en Hom openbaar as God in aksie. Die God wat handel, praat, leef, sorg en bevry.

Hy noem sy volk Jakob en Israel. Daarmee wys Hy op die intieme verbondsverhouding wat Hy met sy volk het. Hy het Israel gekies as sy volk. Hy sal sy verbonds- en liefdesverhouding met sy volk in stand hou.

Hy roep hulle op: Moenie bang wees nie. Ek verlos jou.

Verlos het die betekenis van iemand wat 'n familielid, wat weens skuld in tronk was, loskoop. So was ons in ons eie sondeskuld vasgevang en God het ons deur Sy eie Seun losgekoop.

Hy het ons by die Naam geroep. Ons behoort aan Hom. Hy het ons geskep om Sy volk te wees.

Ons hoef nie bang te wees nie. God is in beheer. Hy vergeet nie Sy volk nie. Hy is nie weg nie. Hy is met ons opweg. Elke tree van die pad is Hy by ons. Sy goddelike alomteenwoordigheid en beskermende liefde omring ons.

Hy is die skepper God wat my en jou gevorm en gemaak het tot Sy eer. Hy is die Almagtige. Hy is nie saam met Jerusalem of die tempel vernietig nie. Hy triomfeer oor die magte van die wêreld. Hy bepaal die geskiedenis. God sal die heidense Persiese koning Kores gebruik om sy volk te bevry.

Hy regeer oor die natuur. Die volk hoef nie bang te wees vir die onstuimige en stormagtige riviere van Babilon of die son wat in die woestyn brand nie.

Wanneer jy deur woestyntyd of deur stormagtige water in jou lewe gaan en jy wonder of jy sal oorleef, weet dat God in beheer is. Vertrou op Hom.

Moenie toelaat dat die onseker toekoms jou ontstel nie. Weet altyd, ook in jou onseker tye, dat jy aan God behoort want Hy het Hom aan ons verbind.

Hy kies om self in die lewe van Sy volk teenwoordig te wees. Hy is besig om elke dag Sy mense na Hom te laat terugkeer. Soos Hy hulle uit slawerny uit Egipte gelei het, so sal Hy hulle red uit die donker dieptes van ballingskap. Hy sal Sy volk volmaak bymekaar maak vanuit die uithoeke van die aarde.

Hy het vir my en jou ten duurste gekoop deur bloed van sy Seun. Hy sal ons nooit verlaat nie. Hy het vir ons as klein, hulpelose, hooplose menses ontsettend lief. Hy sal ons nie vergeet nie. Hoor sy belofte in Jesaja 43:4: "Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe."

Afsluiting

Ek het iewers die volgende geles van iemand wat sy ervaring beskryf toe hy as negejarige seuntjie die eerste begrafnis in sy lewe bygewoon het. Iets van die Here se by ons wees, ten spyte van die donker wat ons ervaar, is duidelik hierin geteken.

Die persoon skryf soos volg: Ek was nege jaar oud. Ek en my pa het in die kerk gesit. Tannies, joviaal en spraaksaam, huil hardop. Ooms, vinnig met 'n gevatte woord en 'n grappie, staar na die kis. My handpalms het klam geword en my hart het gehammer in my borskas. Vrees het my in sy kloue gehad. Huilende vroue het my bang gemaak. Mans met glaserige oë het my verwar. My dooie oom het by my gespook.

Maar toe kyk ek op en sien my pa by my. En draai sy gesig na my toe en glimlag. "Dis oukei, my seun", verseker Hy my. En hy sit sy groot hand op my been. Op 'n manier weet ek dit is oukei, hoekom weet ek nie. Ek is nog onseker. Die mense huil en staar. My oom is steeds dood. Maar as ek my pa sien en hy sê dit is oukei, dan is dit genoeg.

Ek en jy leef in 'n onvolmaakte wêreld. Ons beleef die donker van onseker en bang wees. Maar dit is God se wêreld. Hier het Hy die laaste sê.

Hoor wat Hy vir jou as Sy kind kom sê as Hy vir jou in sy arms toevou: "Moenie bang wees nie. Ek het jou lief. Ek is by jou, altyd en oral. Jy is myne. Alles is oukei."

My hemelse pa sê alles is oukei en dit is vir my genoeg.

Amen